DIE ISLAM AS UITDAGING IN KERKLIKE EN STAATKUNDIGE PERSPEKTIEF

J.A. NAUDE

DEEL I: KERKLIKE PERSPEKTIEF

1. *Die foutiewe beeld van die Islam*

Die geskiedenis van kontak tussen Moslems en Christene is 'n tragiese geskiedenis van gebrekkige kommunikasie. Die meeste van ons weet so min van die Islam dat daar gewoonlik daarna as Mohammedanisme en na Moslems as Mohammedane verwys word. As u ooit so ver gekom het om die Koran in vertaling te lees, het u dit seker betreklik vervelige leesstof gevind. Die Oosterse kleredrag, die lang rokke van die mans en die vormlose rokke van die vroue waaronder langbroeke uitsteek, vind ons eienaardig.

Die feit dat 'n Moslem meer as een vrou mag trou laat ons wonder oor promiskuïteit. Wat in Afrikaanse populêre geskrifte oor die Islam verskyn, is verstommend eensydig, indien nie foutief nie. Ek verwys na artikels oor die Islam in die Afrikaanse pers oor Khomeini, of 'n paar jaar gelede oor die teregstelling van 'n Saudi prinses wat owerspel gepleeg het, pamflette waarvolgens Christene nie voedsel met die Ḥalâl merkteken mag koop nie, omdat sulke voedsel dan "afgode-offers" sou wees. Die Koran spot daarenteen met die offer van kos aan die afgode: God, sê Mohammed, verlang nie kos van die mens nie, Hy gee inteendeel aan die mens wat die mens het om te eet. Hy verwag van die mens om Hom te dien, vergelyk die Koran Hfst. 6:14; 51:57.

In westerse geskrifte oor die Islam is die gedagte wyd verkondig dat God in die Koran na die model van 'n wispelturige wraaksugtige Oosterse despoot, aan wie se willekeur die mens uitgelewer is, beskrywe word.[1] Die feit dat Bybelverhale en figure in 'n ander konteks of op ander wyse in die Koran figureer, het aanleiding gegee tot die gedagte dat Mohammed die Bybel verdraai en vervals het.

Hierdie karikatuurbeeld van die Islam word duidelik weerspreek deur die trekkrag daarvan vir meer as 700 miljoen Moslems in die wêreld. Die Islam het die hele gebied van die vroeë Christelike Kerk ingeneem en die Kerk in die Midde-Ooste kom steeds meer onder die druk van die Islam.[2] In 1969 het Claude Molla, 'n sendeling, beraam dat tussen 500 en 1 000 Koptiese Christene per maand op daardie stadium hulle tot die

Islam bekeer.[3] Die Islam word deur Christen-sendingwetenskaplikes mismoedig die "onbekeerbare blok" genoem.

Die basiese vereistes van die Islam is so eenvoudig dat die ongeletterdste dit kan verstaan. Terselfdertyd het die Islam filosofiese en teologiese werke gelewer wat die diepsinnigste denker sal imponeer. Moslemteoloë se denke het merkwaardige parallelle in veral die Rooms-Katolieke teologie. Moslemdenkers was die beroemde Roomse heilige Thomas van Aquino (oorlede 1274), wat met sy *Summa Theologica* so 'n belangrike rol in daardie Kerk se teologie gespeel het, vooruit.

In verskeie opsigte het die Moslems die Hellenistiese kultuur na die val van die Grieks-Romeinse Ryk voortgesit en via Spanje aan Europa bekendgestel, sodoende 'n wesenlike bydrae tot die Renaissance gemaak, en so indirek bygedra tot die Reformasie. Die reformator Martin Luther het na bewering die bekende Gesang 217, 'n Vaste burg is onse God, geskryf in die aangesig van oorweldiging deur Moslemleërs as straf van God oor die sondes van die Christendom. Maar hy was ook diep beïndruk deur die Islam. Een van sy slagkrete was: Liewer 'n Moslem as 'n Rooms-Katoliek! In sy kommentaar op Psalm 117 sê Luther selfs dat hy by geleentheid in die versoeking gekom het om self 'n Moslem te word.

Moslems het meesterlike prestasies gelewer op die terreine van die argitektuur, die kuns, die wiskunde, die geografie en die geskiedskrywing. Die hele wêreld gebruik elke dag Arabiese syfers wanneer getalle neergeskryf word. Antonie Wessels, Arabis en hoogleraar in sendingwetenskap en evangelistiek aan die Vrye Universiteit in Amsterdam, skryf dat hy glo dat ons in die Koran in sekere sin met die woord van God konfronteer word, al is daar dele wat fundamentele punte van die Christelike geloof ontken en dus nie woord van God kan wees nie.[4]

Die meerderwaardige houding waarmee Christene beterweterig op Moslems neersien en nie eers die moeite wil doen om hulself deeglik te vergewis van waaroor die Islam werklik gaan nie, is objektief besien nie net vermetel nie, maar waarskynlik *die enkele grootste rede waarom Moslems nie deur die Kerk bereik kan word nie.* Ek bepleit verantwoordelike standpuntinname teenoor die Islam, wat op feite berus. Oppervlakkige kennis van die Islam maak die beste bedoelings van Christene belaglik in die oë van Moslems en belemmer die verkondiging van die Evangelie. Die feite van die Islam in leer en lewe moet onder die oë gesien word, of ons daarvan hou of nie, as ons met die Moslem wil kommunikeer.

Die Roomse Kerk het hom by die Tweede Vatikaanse Konsilie hieroor sinvol uitgelaat: "The Church has also a high regard for the Muslims. They worship God ... They strive to submit themselves without

reserve to the hidden decrees of God, just as Abraham submitted himself to God's plan, to whose faith Muslims eagerly link their own ... The sacred Council now pleads with all to forget the past, and urges that a sincere effort be made to achieve mutual understanding".[5]

2. *Mohammed het kontinuïteit met die Bybelse boodskap*

Mohammed het nooit daarop aanspraak gemaak dat hy self enige bonatuurlike gawes of eienskappe besit nie.[6] Hy word trouens in die Koran berispe omdat hy by geleentheid nie reg opgetree het nie.[7] Mohammed wou ook nie 'n nuwe godsdiens stig nie. Hy wou alleen maar dié boodskap wat God in Hebreeus aan die Jode en in Grieks aan die Christene gestuur het, *in Arabies* aan sý volk bring.[8] Hy het hom geroepe gevoel om die apostel van God aan die Arabiere te wees.

Mohammed wou nie 'n ander of 'n nuwe boodskap bring nie. In die Koran lees ons dat God Mohammed aanraai om, wanneer hy twyfel oor wat aan hom geopenbaar is, navraag te doen by die Jode en die Christene wat voor hom die Woord van God ontvang het (Hfst. 10:94). Mohammed vermaan in Hfst. 29:46 die Moslems om nie op onbetaamlike wyse met die Jode en die Christene te twis nie, want, "ons Moslems glo in God wat sy Openbaring na ons en na julle (Jode en Christene) neergestuur het. Ons God en julle God is dieselfde God en ons gee onsself volkome aan Hom oor."

Mohammed het sy mense opgeroep om hulle afgode te laat vaar en hulle te bekeer tot die een ware God, die God van Abraham, Moses en Jesus, die God van die Bybel.

3. *Die Islam word 'n teokratiese en universele godsdiens*

In die jaar 622 n.C. verdryf die Mekkane Mohammed op grond van sy prediking en hy vestig hom in Medina, waarheen hy genooi is om daar as politieke leier dwarstrekkery tussen die plaaslike stamme op te los. Hiermee het die gedagte van die *teokrasie* in die Islam sy eerste beslag gekry: God regeer die volk, en die volksleier wat namens God optree, is in die eerste instansie aan Hom verantwoordelik.

In Medina is Mohammed geskok daardeur dat die Jode sy verkondiging van die boodskap van die Bybel totaal verwerp het. Hy het, soos die profeet Jeremia lank tevore, tot die oortuiging gekom dat die Jode Gods Woord verwerp en vervals het, Jer. 7:21–29; 8:8. Hy het gevind dat Christene onderling van mekaar verskil oor die inhoud van die Bybel. Sy slotsom was dat daar met verloop van tyd onder Jode en Christene verwarring en onkunde oor Gods Woord gekom het. 'n Mens moet ont-

hou dat die Arabiese woestyn 'n toevlugsoord was vir ketters wat vervolging deur die Kerk gevrees het. Die gevolg was dat die Jode en die Christene na die oordeel van Mohammed ook nou deur God op sy weg gelê is as voorwerp van bearbeiding. God gee hulle nog 'n kans om sy woord uit die mond van Mohammed te hoor. Die Islam het nou 'n *universele godsdiens* geword, wat nie net beperk is tot die Arabiere nie, maar vir almal bedoel is, en veral ook die verdraaiinge van die Jode en die Christene wil regstel. In die Koran word die verwyt aan die mense wat die Bybel ontvang het, gerig dat God hulle die opdrag gegee het om dit aan ander mee te deel, maar hulle het dit nie gedoen nie (Hfst. 3:187). Kerklike verdeeldheid en versuim om die Evangelie uit te dra, maak dat die Islam as selfstandige godsdiens ontstaan.

4. *Die Christologie*[9] *van die Koran*

Jesus is die hoofinhoud en bykans enigste inhoud van Mohammed se prediking van die Nuwe Testament. Mohammed openbaar deurgaans die hoogste agting vir Jesus, wat hy ook die Christus noem. Hy het tot die einde van sy lewe 'n besondere geneentheid teenoor Christene gehad. Nogtans ontken die Koran die kruisiging van Jesus uitdruklik in Hfst. 4:157. 'n Noukeurige ontleding van die konteks waarbinne Mohammed die kruisiging van Jesus ontken, bring die merkwaardige feit aan die lig dat hy dit nie ontken omdat hy daarmee die verlossingswerk van Christus wil ontken en dus die basis van die Christelike geloof verwerp nie, maar juis omdat hy gedink het dat hy op hierdie wyse die Christene beskerm teen lasterlike uitlatings van die Jode. Dit is duidelik dat Mohammed so 'n swak kennis van die Christelike leer gehad het, dat hy nie besef het dat hy op hierdie manier eintlik die kern van die Nuwe Testamentiese boodskap ontken het nie. Die Koran skets 'n Mohammed wat na meer kennis van Christus gesmag het, maar vanweë die skare van mense (Christene) wat tussen hom en Jesus gestaan het, kon hy nie by Hom uitkom nie.

Moslems glo dat Christus vandag by God leef en aan die einde van die dae weer sal kom. 'n Besonder merkwaardige feit is dat Jesus Christus op 'n aantal plekke in die Koran "Woord van God" genoem word, bv. hfst. 4:171.

Daar is egter 'n tweede kernverskilpunt in ons Christologie met dié van die Koran. Dit is duidelik dat Mohammed onder die Drie-eenheid verstaan het God as die Vader, Maria as die moeder en Jesus as hulle seun, 5:73, 75, 77. Daar was inderdaad so 'n ketterse sekte wat hierdie leer voorgestaan het onder leiding van Johannes Philoponos, oorlede in 600 n.C., dit wil sê tydens die leeftyd van Mohammed. Verder was die Christologiese stryd in die Siriese kerk oor die vraag hoe die Kerk oor die

persoon wat Christus moet dink, nog aktueel. Soos Mohammed dit verstaan het was dit nie 'n Drie-eenheid nie, maar eintlik 'n gode-triade, wat ons uiteraard as Kerk ook verwerp. Mohammed was 'n geniale profeet. Dit is jammer dat hy nie die Evangelie gehoor het nie.

5. *Die Islam as inheemswording van die Judaïsme in Arabië*

Die Islam is 'n wettiese godsdiens waarin die Ou-Testamentiese voorskrifte ten opsigte van rituele reinheid naas die inhoudelike soos die skepping, verhale oor Adam, Kain en Abel, Noag, Abraham, Lot, Josef, Moses, die uittog uit Egipte, Dawid, Salomo, Sodom en Gomorra, Jona en so meer herhaal word. Daar is natuurlik ook eg oud-Arabiese tradisies in die Islam opgeneem, die belangrikste waarvan die pelgrimstog na Mekka. Maar selfs die Kaäba in Mekka is aeteologies met die Ou-Testamentiese godsdiens verbind deur die Koraniese verduideliking dat dit deur Abraham as huis van God gebou is, 2:125, 3:96; 22:26, 29. In die lig van Mohammed se uiters gebrekkige kennis van die boodskap van die Nuwe Testament, kan 'n mens met veiligheid sê dat die Islam die manier is waarop die Judaïsme in Arabië inheems geword het, sodat die Moslem nie werklik met die Evangelie in aanraking gekom het nie, maar veeleer in 'n Ou-Testamentiese bedeling leef.

6. *Die Islam as uitdaging vir die Kerk*

Dit is die primêre uitdaging van die Islam aan die Kerk: om die boodskap van die Evangelie op 'n bevatlike wyse aan die Moslem oor te dra, sonder om in die proses eerder 'n struikelblok te word. Dit is makliker gesê as gedoen. Die praktyk het geleer dat die volgende faktore die verkondiging van die Evangelie aan Moslems strem:

6.1 Die kerk neem die Islam nie ernstig op nie. In sy boek *Islam A Christian Perspective* verwyt Michael Nazir Ali westerse kerke daarvoor dat iemand eenvoudig beroep word vir Moslemsending en arrogant indons, sonder om kers op te steek by Christene wat in 'n Moslem omgewing grootgeword het en van kindsbeen uit harde ervaring die Islam van naderby leer ken het en sonder om 'n behoorlike studie van die Islam te maak. So 'n benadering misluk al by voorbaat.

6.2 Daar is 'n *taalprobleem* al praat albei Afrikaans. As jy met 'n Moslem oor gebed praat, dink hy aan die ṣalât, die rituele gebed vyf keer per dag in Arabies in die moskees en nie aan die uitstort van jou hart voor God soos wat Christene gewoonlik die term verstaan nie. Woorde en begrippe het in die Islam 'n ander inhoud as by ons.

6.3 Christene word as *afgodedienaars* beskou. Moslems word 'an kleins af geleer dat Christene in drie gode glo, omdat dit is wat die Koran leer. As 'n mens oor die radio of in die kerk na ons preke en gebede luister teen hierdie agtergrond, is dit opvallend hoe ons taalgebruik die indruk skep dat ons inderdaad in minstens twee gode, 'n vader en 'n seun glo in die praktyk, hoewel ons sê dat dit net verskillende aanduidings is van die een ware God.

6.4 Moslems is oor die algemeen *baie toegewyd.* Hulle leer groot gedeeltes van die Koran in die oorspronklike Arabies van buite, in baie gevalle die hele Koran; dikwels sonder dat hulle die taal enigsins verstaan. Op versoek van Moslems wat die taal ook wil verstaan, is Arabies nou as skoolvak by 'n hele aantal skole in Suid-Afrika ingestel. Arabies is baie moeiliker as Hebreeus en vir plaaslike Moslems net so vreemd as Hebreeus vir ons.

Moslems wil graag verseker dat hulle die wil van God tot in die fynste detail nakom. Op grond van intensiewe bestudering van die Koran en die godsdienstige tradisie formuleer die godsdienstige leiers, die teoloë, wette wat absoluut elke terrein van die daaglikse lewe van die Moslem, sy werk, sy besigheid, sy kleredrag, sy voedsel, sy huislike lewe, sy politiek, sy ontspanning — alles volgens die wil van God bepaal. Dit beteken dat die Moslem se lewe heel konkreet en letterlik in 'n *teo*kratiese bestel opgeneem is, waar *God* regeer oor alles en almal. Vir die Moslem leef ons Christene te veel 'n Sondaggodsdiens. In Moslemlande begin bv. 'n militêre kommunikee eers met die aanroep van die naam van God. Op die landsvlag van Saudi-Arabië staan die geloofsbelydenis van die Islam.

6.5 Moslems doen aktief *sendingwerk* in Suid-Afrika, onder meer deur middel van 'n eiesoortige Bybelstudie! Die mees opspraakwekkende poging gaan uit van Ahmed Deedat, hoof van die Islamic Propagation Centre in Durban. Sy trefkrag gaan ver buite ons nasionale grense. Hy maak 'n intensiewe studie van die Bybel en het boekies publiseer oor hoe Mohammed in die Ou Testament voorspel word, oor "50 000 foute" in die Bybel, en in Maart 1984 in 'n oplaag van 100 000 'n boekie oor "Crucifixion or cruci-fiction", waarin die kruisiging as 'n klug voorgehou word. Christene het by die publikasieraad hierteen beswaar gemaak, maar die boekie is deurgelaat. Christenteoloë mag daaroor glimlag — maar moet vir geen oomblik die impak van hierdie publikasies onderskat nie, veral nie onder die geledere van anderskleuriges in hierdie land nie.

6.6 Die Moslemsendingaksie buit die *onkunde* van die Kerk en

Christene oor die Islam uit. Die Kerk kan probeer om die argumente in Deedat se publikasies te weerlê. Die probleem is net dat Deedat self nie alles glo wat hy skryf nie! Sy argument is dat jy die leuen maar kan gebruik om die leuen mee te bestry. Wie Deedat se invloed wil teenwerk, sal moet sorg dat hy 'n baie deeglike kennis van die Islam het. Dit is egter nie net Deedat nie. Moslems is oor die algemeen geneig om Christene wat die Evangelie aan hulle wil verkondig met 'n kluitjie in die riet te stuur. Deedat vind dit nie moeilik om lastige vrae oor die Godheid van Jesus Christus te stel en by baie Christene twyfel te saai nie. Wie egter vertroud is met die Islamitiese teologie sal weet dat Moslems die Koran as ewig pre-eksistente ongeskape Woord van God beskou, waardeur die Islam voor presies dieselfde problematiek as die Christelike teologie rondom die belydenis van Christus as ewig pre-eksistente Seun van God te staan kom.

6.7 Die *oneerbiedige houding* van Christene teenoor God stoot Moslems af. Moslems is baie bewus van die nietigheid van die mens voor die grote God, wat versinnebeeld word in die hoogtepunt van die rituele gebed, waar die gelowige met sy voorkop plat op die grond voor God neerkniel. Dit is die mees gepaste houding van die mens voor God en staan in skerp kontras met lidmate wat in die kerkbanke gerieflik agteroorlê terwyl daar gebid word. Die familiêre omgang van baie Christene met God ontstel hulle.

6.8 Moslems het die indruk dat Christene *min respek vir die Bybel as Woord van God het*. Die Moslem hou nie daarvan dat 'n nie-Moslem die Arabiese Koran met sy onrein hande betas of hanteer nie. Die Christen wat met hom oor sy geloof wil kom praat en sy Bybel sorgeloos hanteer deur dit byvoorbeeld op die grond neer te sit, skep by die Moslem die indruk van iemand wat geen agting vir die woord van God het nie. Hoe kan hy dan van die Moslem respek vir die inhoud van die Bybel verwag? Sy boodskap is tot mislukking gedoem nog voordat hy 'n woord gepraat het.

6.9 Moslems het gewoonlik 'n sterk *geloofsekerheid*, enersyds omdat hy sy saligheid deur goeie werke verdien en andersyds omdat die Koran hom verseker dat God nie aan hom eise bo sy vermoëns sal stel nie, en dat God altyd bereid is om die berouvolle sondaar te vergewe. God is die mens ter wille en op bykans elke bladsy praat die Koran van God as die liefdevolle. Hy kan selfs 'n kredietrekening opbou deur oortollige goeie werke te doen.

Daarom is die Kruis ook nie nodig nie, in sy genade kan God juis

omdat Hy God is, die sonde vergewe. Berou is 'n daad wat vergiffenis verdien. Dit is tog onregverdig dat iemand anders vir jou sonde met die dood gestraf moes word. Dit maak die Islam 'n eenvoudige en praktiese godsdiens. Hierteenoor is die Kerk nooit tevrede nie "ons beste dade is soos vuil klere" (Jes. 64:6), maak nie saak hoe goed ons probeer leef nie.

6.10 Die Moslem is baie *trots op sy godsdiens*, wat rasioneel is, 'n hoë etiese kode handhaaf en nie alleen die Joods-Christelike tradisie voortsit nie, maar die onsekerhede wat by hierdie tradisie ingesluip het, ondervang. Mohammed het as laaste profeet en apostel van God gekom. Die Koran bevat gevolglik die mees resente openbaring van God. Boonop is die teks van die Koran ongetwyfeld baie getrou oorgelewer. Hierteenoor skep wetenskaplike uitgawes van die Bybel met talle teksvariante die indruk van 'n onsekere en onbetroubare teks. Dit lyk of die meeste Christene minstens in die praktyk veelgodery beoefen. Die verskeurdheid van die Christengemeenskap tussen talle kerklike groeperinge, wat radikaal van mekaar verskil, val die Moslem op. In die lig van hierdie faktore voel die Moslem hom meerderwaardig. Deedat skryf: "A thousand sects and denominations of Christianity are vying with one another to redeem the 'heathen' (dit is die Moslems) (as they say) from hell-fire. However, in this battle no Christian priest, parson or predikant, or hot-gospeller, local or imported, will ever endeavour to teach the Muslim something about *hygiene* for we Muslims can claim to be the most hygienic people ... Nor do they endeavour to teach us about *hospitality*, for we are the most hospitable of people. Nor about ethics or morality; for we are the most moral people — (as a whole) i.e. we don't drink, we don't gamble, we don't date, court or dance; we pray 5 times a day, we fast for one whole month during the Muslim Holy month of Ramadaan; and we take pleasure in being a charitable people. Despite many of our shortcomings, we venture to suggest that there is not another group of people that can 'show a candle' to us in brotherhood, in piety or in sobriety".[10)]

7. *Redes waarom mense in Suid-Afrika die Kerk verlaat en Moslems word*

Die redes wat hier aangegee word, berus op konkrete gevalle.

7.1 Die persoonlike sorg van Moslems aan mense in nood, byvoorbeeld gevangenes wat deur die gemeenskap na hul vrylating verstoot word.

7.2 Deur 'n huwelik met 'n mooi Moslemvrou of man wat op bekering tot die Islam aandring. Sulke huwelike uit Afrikanergeledere is bekend.

7.3 Intellektueles in poste van aansien vind 'n oppervlakkigheid in ons Christen wees, 'n lewensmoegheid by die Weste met sy lae morele standaarde en glo ons leef in 'n post-christelike era omdat die Christendom misluk het. Die materialisme van die kapitalistiese, sogenaamd Christelike, Weste en van die Marxisme is ewe erg. Die Kerk samel self groot bedrae geld in. In die Islam vind hulle dat alles om God draai en dat, minstens in die vasmaand, die fisiese doelbewus op die agtergrond geskuif word.

7.4 Iemand wat grootgeword het in 'n huis waar godsdiens nie 'n rol gespeel het nie, het in haar soeke na God op eie houtjie die Islam as die mees aanvaarbare gevind.

7.5 Die groot trekkrag vir baie swartmense is daarin geleë dat hulle glo hulle kan in die Islam meer getrou volgens die voorskrifte van die Bybel leef, *byvoorbeeld* rituele reiniging wat in die Nuwe Testament ook genoem word, maar veral Ou-Testamentiese voorskrifte soos bid in 'n bepaalde rigting, die besnydenis, die gebedshoudinge, die verbod op varkvleis, en dan die feit dat die Islam ook poligamie aanvaar, soos byvoorbeeld Jakob vanouds. In hierdie verband konfronteer die Islam die Kerk veral onder swartmense met sy grootste uitdaging.

8. *Is daar gemeenskaplike belange by Kerk en Moskee?*

Die Kerk in Nederland stel geruime tyd al van hulle kerkgeboue beskikbaar vir Moslems met die oog op Islamitiese eredienste. In Mosambiek is Christene en Moslems saam onder geweldige druk van 'n Marxistiese regering. Hulle beoefen gesamentlike aanbidding om mekaar te versterk. In Noord-Afrika in Dakar, Senegal, is daar 'n gemeenskaplike ontwikkelingsprojek tussen Moslems en Protestantse Christene om die lewenstandaard van die plaaslike gemeenskap te verbeter.[11]

Dit is merkwaardig hoe groot die parallelle problematiek in die teologiese diskussie, byvoorbeeld rondom predestinasie, by Moslems en Christene is. Moslems is net so besorgd as die Kerk oor promiskuïteit in ons moderne samelewing. Hulle het onlangs internasionaal ten sterkste beswaar aangeteken teen die maak van 'n rolprent oor die geslagslewe van Jesus.

Dat daar 'n behoefte by Moslems bestaan om met Christene te skakel wat begrip het vir die probleme binne die Islamitiese opset, ly geen

twyfel nie. Moslems wat in moeilike omstandighede verkeer, het my al by meer as een geleentheid gevra om ernstig vir hulle te bid. Aan die ander kant is daar dikwels by Moslems verbasing daaroor dat iemand wat die Islam en Arabies so deeglik bestudeer, nie self daardeur beweeg word om die Islam as geloof aan te neem nie. Dit laat hulle wonder of daar dan nie tog iets besonders in die Evangelie opgesluit lê wat by hulle verby gegaan het nie.

Ons pogings in Suid-Afrika om op godsdienstige gebied met Moslems te kommunikeer was tot dusver betreklik oneffektief.

DEEL II STAATKUNDIGE PERSPEKTIEF

1. *Statistiek*

Moslems vorm maar 1,3% van die totale bevolking van Suid-Afrika, dit is net onder die 330 000 volgens die gegewens van 1980.[12] Ongeveer die helfte hiervan is Kleurling/Maleier Moslems, ook genoem Kaapse Moslems, wat die *Shafi'i*-regskool aanhang, en net minder as die helfte is Indiërs van die *Ḥanafi*-regskool. Daar is ongeveer 1 000 blanke Moslems en ongeveer 10 000 swart Moslems. Net ongeveer 6,3% van die totale Kleurlingbevolking van Suid-Afrika en 20% van die Indiërbevolking is Moslems. Tussen 1970 en 1980 het die groei in die getal Kleurling-Moslems die bevolkingsgroei met 4,6% oortref, met 'n teenoorgestelde tendens onder die Indiërs waar die bevolkingsgroei die groei in die getal Moslems met 7,9% oortref het.

2. *Moslemprobleme in 'n nie-Moslem land*

In 'n sekulêre land waar die Islam nie 'n heersersrol het nie, is dit vir die Moslem moeilik om sy godsdiens ten voile uit te leef. Daar word nie vir sy godsdienstige kalender in die volkshuishouding plek ingeruim nie. Vrydag is byvoorbeeld 'n gewone werksdag en skoolvakansies val nie met die vasmaand saam nie. Hy kry nie preekbeurte oor die radio en die televisie nie. 'n Moslemhuwelik word nie deur die staat erken nie.

Die regering het al die jare 'n beleid van soort by soort gevolg. Moslems in Transvaal het egter vergeefs probeer om, soos in die hele Midde-Ooste met minderheidsgroepe die geval is, Moslemkwartiere of -sektore in woongebiede ingerig te kry, sodat die relatief klein groepie Moslems nie verswelg word in 'n see van Hindoes nie, maar kan saamstaan.

In die omgewing van Alexandra het die regering 'n prestige-skool

vir Indiërs van meer as 1 miljoen Rand opgerig met die gedagte dat kinders van elders per bus aangery sal word om die skool te vul. Met die instel van die nuwe driekamerparlement het die gedagte van kinders per bus aanry deur die mat geval. Die praktiese implikasies van die skool is egter dat Moslemkinders wat by die Waterval Islamic Institute net Noord van Johannesburg skoolgegaan het, nou 'n sekulêre skool moet bywoon. Die aanbring van verbeterings en nuwe geboue op die terrein van die Islamic Institute is in terme van die groepsgebiedewet afgekeur, want hoewel die grond wetlik aan Indiër-Moslems behoort, val dit binne die blanke groepsgebied. Wat hierdie Moslems die meeste ontstel, is die swart terreur waaraan hul kinders daagliks blootgestel word. Die kinders moet in die oggend gedwing word om skool toe te gaan.

In ons sekulêre maatskappy is die Moslem blootgestel aan talle versoekings. In sommige gevalle is hy selfs genoodsaak om teen sy geloofsoortuigings te handel. Hy het byvoorbeeld kwalik 'n ander uitweg as om transaksies aan te gaan waarby rente betrokke is, al beskou hy dit as onislamities en oneties.

Die Moslemgemeenskap van Suid-Afrika is op die oomblik in 'n hofsaak met 'n ketterse groep, die Ahmadiyya (rofweg iets soos ons Jehova-getuies), gewikkel. Die oë van die hele wêreldgemeenskap van Moslems is op hierdie saak gevestig en as die ketters die saak wen, sal dit net nog 'n klad op die slegte naam van die RSA wees. Dit is al erg genoeg dat die saak aanvanklik deur 'n vroue-regter verhoor is! Gelukkig het sy die regte uitspraak gegee. Die appèlsaak word deur 'n Joodse regter verhoor, wat nogal lastig kan wees.

3. *Moslemskakeling met die Buiteland*

Die Moslemgemeenskap vind as geïsoleerde minderheidsgroep in Suid-Afrika sy natuurlike aanklank by die breër internasionale Moslemgemeenskap. So is 'n voormalige Saudi kabinetsminister met 'n Maleiervrou uit die Kaap getroud. Steeds meer jong Suid-Afrikaanse Moslems gaan studeer 'n aantal jare in Saudi-Arabië met volle beurse, en enkeles in Sudan, Egipte en Sirië. Saudi-Arabië help die Islam in Suid-Afrika aan deur die verskaffing van groot bedrae geld vir die oprig van moskeekomplekse soos die Nûr al-Islam kompleks in Lenasië, 'n jeugsentrum by Durban onder leiding van die Muslim Youth Movement, die uitnooi van Moslems om die pelgrimstog na Mekka gratis mee te maak, sendingwerk, die verspreiding van literatuur, en so meer. In hierdie verband besoek talle hoogs prominente Arabiese en ander Moslemleiers Suid-Afrika gereeld. Ongelukkig maak plaaslike Moslems 'n punt daarvan om hulle van kontak met blankes en veral met regeringsleiers te weerhou.

Sulke besoekers word gewoonlik op 'n baie eensydige wyse oor die situasie in Suid-Afrika indoktrineer. Op die internasionale forums is die Moslemlande sterk anti-Suid-Afrikaans. Minstens Algerië en Libië steun die ANC aktief.

4. *Kerk en staat volgens die Islam*

Prinsipieel glo die Moslem dat geen enkele terrein van die mens se lewe van jou geloof losgemaak kan word nie. Kerk en staat is nie losstaande entiteite nie. In dié verband verwys hulle graag na die woorde van Jesus in Matteus 22:21: "Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort", en sê alles behoort aan God. Hierdie dichotomie tussen Kerk en staat is volgens hulle een van die redes waarom die feit dat die RSA 'n oorwegend Christelike land is niks daartoe bygedra het om die probleme van hierdie land op te los nie. As Christelike naasteliefde die norm was vir ons staatsbestel, meen hulle, was die situasie in hierdie land vandag anders.

In die Islam word die wêreld in twee ryke verdeel: *Die ryk van die Islam*, waar God regeer, want dit is wat die woord "Islam" beteken: Om jouself volkome aan God oor te gee; en *die ryk van oorlog* waar die stryd teen die magte van Satan aangeknoop moet word om die ryk van God ook daar te laat seëvier.

5. *Moslemteenstand teen die regering*

Streng gesproke hoort die RSA tot die ryk van die oorlog. Maar die Koran praat met eerbied van die "mense van die Bybel" en die leiers van die Islam, die *ulama*, het in die verlede, al was dit nie altyd eenparig nie, die regering altyd in die breë gesteun en veral daarvoor waardering gehad dat hulle hul godsdiens vry kan beoefen. Die Islam het trouens 'n lang verbintenis met Afrikaans en die Afrikaner. Een van die eerste gedrukte Afrikaanse werke was 'n Arabies-Afrikaanse kategismus in die 1860tigs, met die Afrikaans in Arabiese Skrif. Maleier-Moslems in Transvaal het aan die kant van die Boere aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en Indiër-Moslems het finansiële hulp en lewensmiddele verskaf.[13] Dit is teen hierdie agtergrond wat Moslems bereid is om in die nuwe parlementêre bedeling saam te werk.

Baie jonger Moslems in die Noorde en Moslems in die Kaapprovinsie en Natal verwyt egter die *ulama*, dit is die teoloë, dat hulle polities nie hul roeping uitleef en in opstand kom teen wat hulle noem "die onregverdige bestel van onderdrukking en uitbuiting in hierdie land" nie. Hulle beskou revolusie in hierdie land as onontbeerlik en onontkombaar.

Hulle meen egter dat die swartman nie oor die regte ideologie vir so 'n revolusie beskik nie. Die Islam het in Iran bewys dat sy ideologie die magtigste leër sonder wapens kan oorweldig. Daarom is die revolusionêre geskrifte van Ali Shariati, ideoloog van die Iranese revolusie in Suid-Afrika herdruk en wyd versprei: Een titel lui veelseggend "Reflections of a Concerned Muslim on the Plight of Oppressed Peoples".[14] Die stroom besoeke van sulke persone aan Iran duur onverpoosd voort, met insluiting van persone soos Fatima Meer.

Vanuit hierdie denkrigting word uiteraard aktief sendingwerk onder swartmense gedoen en die *ulama* is so ontstel deur die feit dat hulle oral in swart woongebiede gevra word of hulle ook "Khomeini's" is, dat hulle onlangs 'n publikasie[15] gedruk het om die wye inslag van die Iranese tipe Islam, die Sjïisme, in Suid-Afrika te probeer bekamp. Die Islamic Missionary Society in Fordsburg, wat primêr onder swartmense werk, doen ook sy deel in die bevordering van 'n revolusionêre klimaat. Hulle het bv. 'n Universal Islamic Declaration of Human Rights wat deur die Islamitiese Raad in Europa versprei word, herdruk en plaaslik versprei. Daarin word verwys na die mense "endowed with super-abundant economic sustenance (that) is being wasted, or unfairly or unjustly withheld from the inhabitants of the earth".

Hierdie sendingaksie sluit aan by 'n oortuiging dat Afrika vinnig besig is om te Islamitiseer. Volgens die Franse dagblad *Le Monde* van 21/1/1985 is omtrent die helfte van die 400 miljoen inwoners van Afrika Moslems, ongeveer 75 miljoen Christene en die res animiste en 'n klompie Jode. Volgens die blad is die tradisionele Afrikagodsdienste egter aan die wegkwyn en wend groot getalle animiste hulle tot die Islam.

Moslems is doodseker van hulle oorwinning in hulle stryd in die ryk wat nog nie aan God behoort nie, want wie vir die ryk van God veg, kan nie verloor nie. God is immers aan sy kant. As 'n mens let op die name van regsverteenwoordigers van mense wat met die regering bots, of van bestuurslede van radikale organisasies, pryk Moslemname volop. Sulke Moslems werk aktief met die UDF saam, 'n organisasie wat in die dampkring van die ANC beweeg.

Die ontstellende is dat die *ulama* nou ook hul sanksie aan anti-regeringsoptrede verleen het. Die *ulama* het indringende samesprekings gevoer sowel met Moslemondersteuners van die driekamerparlement, as teenstanders daarvan, wat met die United Democratic Front saamwerk. Die standpunt van die *ulama* is dat daar vir die optrede van albei groepe 'n saak uitgemaak kan word. Hulle het voile simpatie met Moslems wat in die nuwe grondwetlike bestel 'n evolusionêre verbetering in die omstandighede van anderskleuriges in Suid-Afrika wil help bewerkstellig. Die geskiedenis van die Islam ken egter ook die verskynsel van Moslems

wat teen 'n onregverdige bestel in opstand gekom het. Hulle standpunt is daarom dat diegene wat die moed van hul oortuiging het om saam met organisasies soos die UDF teen die regering op te staan, dit mag doen.

Die invloed van die Islam op politieke gebied is buite alle verhouding groter as wat die getal Moslems in die RSA te kenne gee.

DEEL III: SLOTSOM

Die Islam het sy ontstaan te danke aan die ongelukkige feit dat die Kerk van die dag so vasgevang was in dogmatiese beginselvrae dat die praktyk van die Woordverkondiging skade gely het en Mohammed maar sy eie weg moes vind so goed of so sleg hy kon. Hierdie gebrekkige kommunikasie het oor die eeue nie verbeter nie. Die uitdaging van die Islam aan die Kerk is om die boodskap van verlossing in Christus helder en duidelik tot hom te rig. Maar dan in 'n idioom wat hy kan verstaan, dit wil sê nadat ons volle erns met die inhoud van die Islam gemaak het — Arabies en die Koran beter as hy ken.

Ons het as Kerke en as Universiteite in Suid-Afrika nog min akademiese werk gedoen op die terrein van die Islam en waar daar wel iets gedoen is, was dit oor die Islam in sy universele vorm. Die Islam het egter ook 'n inheemse karakter, 'n plaaslike eiesoortigheid bekend as populêre Islam of volksislam. In hierdie volksislam word in Suid-Afrika byvoorbeeld besondere aandag aan die grafte van sogenaamde heiliges gegee, word sondevergiffenis gekoppel aan die slag van die offerdier tydens die Id al-Adḥâ, is daar gebruike wat dui op navolging van die Christelike Nagmaal, is daar die sogenaamde Khalifa-seremonies in die Kaap, gepaardgaande met 'n ekstatiese opswepery van die deelnemers — alles aspekte wat vir die universele Islam en die teoloë onaanvaarbaar is. Hierdie aspek van die Islam in Suid-Afrika verdien dringende studie. Wat oor die Islam in Suid-Afrika gedoen is, lê bykans uitsluitlik op die vlak van die geskiedskrywing.

In staatskonteks is die uitdaging dat ons ons Christelike oortuiging ook in dade van liefde en medelye en geregtigheid teenoor almal in hierdie land tot uitdrukking sal laat kom, op so 'n wyse dat die staat waarlik 'n Christelike staat sal wees in die volste sin van die woord.

Notas

1. Veral die vorige geslag geleerdes wat hulle op die terrein van die Islam begeef het, het hulle hieraan skuldig gemaak: Samuel Zwemer, *The Moslem Doctrine of God*, Edinburgh 1905 sou hartlik met D.B. Macdonald, skrywer van die artikel "Allâh" in

die *Shorter Encyclopaedia of Islam*, Leiden 1961, saamstem dat Mohammed God geken het "as a jealous and vindictive sovereign", wie se "few ideal qualities are rarely and obscurely stated ... that he (Mohammed) would have thought fit to call him (God) 'just' may be doubted".

2. Arabiese Christene vrees vandag die verdwyning van die Christelike geloof uit die Arabiese Ooste, hetsy deur emigrasie na die Weste, hetsy deur uitwissing, cf. Antonie Wessels, *Arabier en Christen, Christelike Kerken in het Midden-Oosten*, Baarn 1983, 214—225. Vergelyk ook O.B. Telle, "A Survey of Christianity", *Bulletin of the United Bible Society* no. 116/117 (1979), 11—19.
3. Claude F. Molla, "The Rapid Growth of Islam South of the Sahara", *The Christian Minister*, Vol. 5 No. 3 (March 1969), 27.
4. *De Moslimse Naaste*, Kampen 1978.
5. Austin P. Flannery, *Documents of Vatican II*, Michigan 1978, 739, 740, vgl. 367.
6. Vergelyk die Koran hfst. 6:50; 7:188. Mohammed het self behoefte aan vergiffenis van sonde by God, hfst. 47:19. Dat daar wel 'n bepaalde kultiese verering rondom die persoon van die profeet in sekere kringe ontstaan het, vgl. Tor Andrae, *Die Person Muhammeds in Lehre und Glauben seiner Gemeinde*, Stockholm 1918, verander niks hieraan nie.
7. Vgl. hfst. 80:1—10.
8. Vgl. hfst. 6:115—158; 28:46; 32:3; 34:44.
9. Vgl. R.C. Zaehner, *At Sundry Times,* London 1958; G. Parrinder, *Jesus in the Quran,* London 1965; Fouad Accad, *The Seven Muslim Christian Principles,* Limassol, s.j. en M. Nazir-Ali, *Islam, A Christian Perspective,* Exeter 1983, 11—20.
10. *Crucifixion or Cruci-fiction,* Durban 1984, 2—3.
11. El Hadji Badara Dia, "The 'Centre de Bopp' at Dakar/Senegal: An example of Christian-Islamic Contributions towards Establishing Independent States in Africa South of the Sahara, Stuttgart 1979, 59—70.
12. *Official Yearbook of the Republic of South Africa — 1983,* Johannesburg 1983, 782.
13. Maulana A. Is'haq, *A Short Survey of the Indian Muslims of the Transvaal*, ongepubliseerde Honneursstudie, RAU 1979, 22.
14. Vgl. hieroor C. du P. le Roux, "Ali Shariati — Teorie en Praxis", *Tydskrif vir Islamkunde,* No. 5 (1985), 77—87.
15. Die werkie heet *Broad aspects of Shi'ite religion (Exposition and refutation)*, Johannesburg 1985, geskryf deur Muhibbudeen Al-Khateef. Die Young Men'Muslim Association het 'n soortgelyke werkie opgestel deur die Majlisul-Ulama van Suid-Afrika (Port Elizabeth), onder die titel *The Truth about Shi'ism* gepubliseer.